# Sommer net ...



## Om te Bid ...

***"Here, my God, vergewe tog…"***
***Amos 7:2*** [1]

Met profetiese visie verstaan Amos onmiddelllik, dat die oordeel is as gevolg van sonde. Daarom bid hy nie dat die plaag weggeneem moet word nie.
Ook murmureer hy nie: "Waarom, Here…"

Hy bid alleen maar opreg en eenvoudig: "Here, vergeef tog…."

Ons moet onthou dat die kleine mens (want dit was ook die profeet, Amos) in staat is om deur gebed "die straf uit God se hand te neem, strome van seën te ontsluit uit die Lewensbron, die poorte van die hel dig en die van die hemel oop te maak."

So bid Amos.
So bid Hy, die Een wat meer as Amos is . . . ons Hoëpriester.

***


Bronne:
[1]Die Bybel: Afr83
H. Veldkamp: *De Boer uit Tekoa;* T. Wever – Franeker; 2de druk. pp.196-197